--- Ja, dis waar.

Beskuldigde Nr. 2 het toe vir jou voorgestel aan Cooper? --- Ja, dis reg.

Hy het toe vir Cooper gesê wie jy is en wat jy is? --- Ja.

Cooper het hier gesê dat Nr. 2 jou voorgestel het aan hom dit is reg, maar hy het verder gesê dat hy jou voorgestel het as 'n nuwe lid van P.A.C.? --- Dit is nie waar nie.

Het iemand jou gevra om Basoetoeland-toe te gaan? --- Ja, dit is waar.

Wie het jou gevra? --- Beskuldigde 2.

Om opleiding te kry daar? --- Hy het vir my gesê ek moet saamgaan, hy gaan na die hoofman toe.

<u>DEUR DIE HOF</u>: Jy moet saam met wie gaan? --- Met Cooper.

<u>DEUR DIE AANKLAER</u> (verv.): Saam met Cooper om Leballo te ontmoet? --- Ja.

Maar jy was nie gewillig om saam te gaan nie? --- Nee.

Ek wil dit aan jou stel, jy was toe reeds 'n lid van P.A.C. en daarom het hulle jou gevra om saam te gaan Basoetoeland toe? --- Dit is nie waar nie.

En jy weet ook dat beskuldigde Nr. 5 'n lid was, maar dat hy ook nie Basoetoeland toe wou gaan om te veg nie? --- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het jy al ooit vir hom hoor sê dat die blankes moet doodgemaak word? --- Bedoel u beskuldigde 5?

Ja, het jy gehoor dat beskuldigde 5 soiets sê vir Cooper en vir Henry? --- Toe hy dit gepraat het, was dit nie in die teenwoordigheid van Cooper nie.

In wie se teenwoordigheid was dit? --- Dit was ek, hy en Pierie.

Dit is nou beskuldigde 2? --- Ja.

Wat het hy vir Pierie gesê? --- Hy wou nie instem dat ons moes lede word nie want Nr. 2 wou gehad het ons moet lede word en hy wou ook nie 'n lid word nie.

Ek het vir jou gevra of hy saamgestem het dat die blankes beveg moet word, doodgemaak moet word? --- Nee.

Het beskuldigde Nr. 2 hom in jou teenwoordigheid gevra om 'n lid te word? --- Hy het vir ons altwee gevra ja.

In mekaar se teenwoordigheid? --- Ons was saam.

Is jy nou seker daarvan? --- Ja.

Beskuldigde 5 het dit nie gesê nie? --- Ek vermoed hy het vergeet.

Beskuldigde 5 sê Nr. 2 het vir jou weggeroep van hom af en hy het toe vort-gegaan? --- Dit was op 'n ander geleentheid.

Was jy al by die lokasie? --- Nee.

Nog nooit daar nie? --- Ek gaan soontoe, ja. Ek gaan na die hostel toe maar daar waar Cooper sê dat ek en Cooper en Joe en van die ander beskuldigdes hier saam gewees het, was ek nooit teenwoordig nie.

Het jy al vir Joe en Cooper saam in die kombuis gesien? --- Nee.

Gesien dat hulle vergaderinggehou het daar? --- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Weet jy waarom Joe en Cooper sal sê jy was by daardie vergadering indien dit nie so is nie? --- Die rede weet ek nie.

GEEN VERDERE VRAE.

---------

PETRUS TAUOA, v.o.e. (deur die tolk)(geen getuies):-

DEUR DIE HOF: Is jy 'n lid van die P.A.C.? --- Ek was nog nooit 'n lid gewees nie.

Het jy hulle enige tyd gehelp? --- Ek het geen hulp aan hulle verleen nie.

Ja, jy het gehoor wat Joe Maruma gesê het? ---- Ek het.

Hy sê dat jy by die huis van Nr. 4 teenwoordig was - hy en Cooper, jy en beskuldigde Nr. 4, en dat Nr. 2 ook daar was. Nr. 2 het die meeste gepraat. Dit was die tyd toe Cooper sou vort-gegaan het na Basoetoeland toe. Weet jy van daardie

vergadering? --- Daar was nie 'n byeenkoms van enige iets nie, maar daar was mense.

Ek stel nie vir jou of daar mense was nie - daar was nie 'n vergadering nie? --- Dit was nie 'n vergadering nie.

Maar is dit reg dat hierdie mense daar was? --- Ja, dis reg, hulle was daar.

Was Cooper daar? --- Hy was daar.

Jy? --- Ek was daar.

Nr. 4? --- Hy was daar.

En dit was op watter dag van die week? --- Ek meen dit was op 'n Sondag.

Dit is wat Maruma ook gesê het. Nou, wat het gebeur daar, hoekom was julle daar bymekaar? --- Nr. 4 is my swaer en ek het vir hom gaan kuier.

Weet jy wat die ander daar kom maak het? --- Dit het vir my voorgekom asof dit persone was wat almal vir hom kom kuier het.

Het hulle daar iets bespreek? --- Daar was 'n algemene gepratery maar ek het nie gehoor dat iets in besonder bespreek was nie.

Het jy gehoor of hulle miskien P.A.C. bespreek? --- Nee, hoegenaamd nie.

Het hulle dit nie bespreek nie? --- Nee, gladnie.

Is daar enigiets wat jy nog meer wil sê in verband met daardie geleentheid? --- Ek wil sê toe ek daar aangekom het, Michael, Joe en hulle was besig om te eet. Ek het ook na die kombuis toe ....

Michael is Nr. 4? --- Ja.

Hy en Joe was besig om te eet? --- Ja. Ek het ook vir my kos gekry in die kombuis. Na ek vir my kos ingeskep het, het ek uitgegaan op die stoep en ek het daar gaan sit en eet. Joe en die ander - Joe en Mike het daar by die tafel gesit en eet, waar hulle gesels het. Na ek klaar ge-eet het, en hulle

was ook al klaar ge-eet, het ek skottelgoed in die kombuis gewas. Toe het Cooper en Pierie daar aangekom - dit is beskuldigde 2. Hulle het ook daar ingekom en vriendskaplik gesels. Tot daar drank uitgehaal is, en toe is daar drank gedrink. Ek kannie meer goed onthou watter persone eerste daar weg is nie, maar in elk geval, ek is daar weg.

Is dit al wat jy weet van daardie geleentheid? --- Dis al, en dit was nie eers 'n lang tyd wat ons daar saam gewees het nie.

Daar is nog net een ding, en dit is wat beskuldigde Nr. 1 van jou gesê het. Hy het gesê hy ken jou, en hy sê jy het vir hom gesê dat jy en Cooper was na Basoetoeland toe? --- Daar bestaan nie soiets nie. Ek was nog nooit in Basoetoeland van ek mens is nie.

So dit is nie die waarheid wat Nr. 1 daar gesê het nie? --- Dit is 'n leuen.

Is daar enigiets wat jy my nog wil vertel? --- Ja.

Praat, dat ons hoor wat jy te sê het? --- In die jaar 1963 het ek gewerk hier op Harmony hier by die kampong. Die persoon genaamd Cooper, ek het gehoor hy praat in verband met P.A.C. Op 'n sekere dag het hy na my gekom en gesê hy wil my lid maak. Ek het geweier. Op 'n sekere dag het ek gesien hy het verlof geneem en hy is weg. Voor hy weg is, het die induna daarso, Moyapo - ek het aan hom gerapporteer dat Cooper gesê het - wat Cooper oor praat - aan die induna. Ongeveer twee-drie dae na Cooper weg is, toe het die Welkomse speurders daar aangekom. Hulle het hierdie induna wat ek nou genoem het, geroep. Hulle het aan hom gesê hy moet my bring. Toe ek by die speurders aankom het hulle my gevra, "Ken jy vir Cooper?" Ek het gesê ja, ek ken hom. Hulle het toe aan my gevra wat weet ek, wat het hy gepraat van P.A.C. hier by die kampong. Ek het alles aan hulle gesê wat hy daar gepraat het. Die speurders het vir my en Cooper van

Harmony af geneem, ons is na Welkom toe. Destyds het die speurders kantore in die Homes Trust gebou gehad. Ons is Welkom-toe en hulle het my soontoe gebring. Ek kannie meer onthou wie die speurders almal was wat teenwoordig was nie. Sersant du Plooy was daar. Hy het vir Cooper gevra of ek 'n lid is. Cooper het ontken en gesê ek is nie 'n lid nie. Toe sê Sersant du Plooy vir my, "Ons sal jou nie aankla in hierdie saak nie. Ons sal jou neem as 'n Staatsgetuie." En dit is heeltemal reg, ek het op Kroonstad gaan getuig. Ek het gaan getuig wat ek gehoor het wat Cooper gesê het. Dit was toe alles gewees. Ek weet regtig nie vandag nie op watter manier is ek in hegtenis geneem en waarvoor nie.

Is dit al wat jy wil sê? --- Ek meen dit is al.

KRUISVRAGING DEUR DIE ANDER BESKULDIGDES:-

DEUR Nr. 1: Tussen jou en Cooper, wie is Basoetoeland toe? --- Ek vermoed Cooper.

Was jy bewus van die feit dat hy Basoetoeland toe is of het jy sommer van ander gehoor? --- Hy het vir al die mense daar by die kampong gesê dat hy kom van Basoetoeland af.

DEUR DIE HOF: Ja, maar toe hy gegaan het? --- Nee, ek was nie bewus daarvan toe hy Basoetoeland toe gegaan het nie.

Jy het dan so pas gesê jy vermoed Cooper is na Basoetoeland toe? --- Nee, wat ek wel gesê het: Na hy van Basoetoeland af gekom het hy gesê hy kom van Basoetoeland af - hy het melding daarvan gemaak.

Jy het eers gesê jy vermoed hy is Basoetoeland toe in antwoord op 'n vraag wat beskuldigde Nr. 1 aan jou gestel het? --- Ek het dit gesê omrede hy het gesê hy was Basoetoeland toe.

Wie het gesê? --- Cooper self.

DEUR Nr. 1 (verv.): Onthou jy dat gister het ek gesê dat toe jy so gepraat het, was jy gedrink? --- Wat het ek gesê?

Toe ek gesê het dat jy en Cooper was Basoetoeland toe? --- Dit is 'n leuen. Daar bestaan nie soiets nie.

Kan jy onthou dat gister het ek gesê dat jy gedrink was? --- Ek was nog nooit so besope dat ek sulke dinge gepraat het nie.

Antwoord my vraag: Het jy my gister gehoor toe ek sê daardie betrokke dag was jy gedrink? --- Ek was nog nooit nie so .... (Hof kom tussenbeide)

DIE HOF: Het jy gehoor toe hy so gesê het? --- Ek het gehoor toe hy dit gesê het, ja.

DEUR Nr. 1 (verv.): Met ander woorde, dit meen te sê dat jy het vir my van Cooper vertel, of het jy miskien 'n fout gemaak? --- Ek glo nie dat ek ooit in my lewe soiets aan jou gesê het nie. Ek glo eerder dat dit is dinge wat Cooper vir jou gesê het.

Ken jy my? --- Ja, ek herken jou.

Hoelank ken jy my? --- So 'n taamlike rukkie al.

Ek bly daar in die lokasie - ken jy my huis op die oomblik? --- Nee, ek was nog nooit by jou huis nie. Ek weet nie waar jy bly nie.

DEUR Nr. 2: Daar by die lokasie wat jy sê ek sou vir jou daar gekry het, het jy geweet dat ek daar sou kom of het jy my net gesien inkom? --- Ek het maar net gesien - ek het nie geweet julle kom nie. Ek het maar net gesien julle kom daar aan.

Toe ons daar by daardie huis kom, het ons ingegaan en met die ander mense daar gesit en gesels? --- Jy het gevind die drie van ons daar sit, Michael en Joe en myself. Ons was besig om te gesels toe julle daar aankom.

Het ons almal wat in daardie huis was, saam gesels? --- Ja. Ons het oor voetbal gesels en so aan.

Die persoon wat sê dat ons het van P.A.C. gepraat, praat hy die waarheid of is dit 'n leuen? --- Hy praat 'n leuen.

DEUR Nr. 3: Geen vrae.

DEUR Nr. 4: Is jy bewus van die feit dat ek 'n getuie

was in Cooper se saak? --- Ja, ek weet daarvan.

Wat het Cooper van ons gesê? --- Cooper het vir al die polisie gesê dat ons nie lede gewees het nie.

DEUR Nrs. 5 en 6: Geen vrae.

KRUISVERHOOR DEUR DIE STAATSAANKLAER: Cooper het jou genader en gevra dat jy lid moet word van die P.A.C.? --- Ek sê nou nog so soos ek in die vorige hof ook gesê het.

En jy weet dat hy ook ander daar genader het om lede te word? --- Nee ek weet net van my.

Het jy nie gehoor dat hy ander mense ook gevra het om lede te word nie? --- Nee, hy het my niks daarvan gesê nie.

Onthou jy nie die dag toe hy vir Nr. 1 gevra het om lid te word nie? --- Nee, ek het op geen geleentheid vir Nr. 1 en Cooper by mekaar gekry nie.

Ken jy beskuldigde Nr. 1 goed? --- Ek ken hom. Ons het saam gewerk daar by die kampong.

Het jy al ooit met hom rusie gehad? --- Nee.

Nou hy vertel die Hof dat jy aan hom gesê het dat jy Basoetoeland toe is. Is dit 'n leuen? --- Dit is 'n leuen ja.

Weet jy van enige rede waarom hy 'n leuen teen jou sou vertel? --- Ek kannie sê waar hy aan hierdie leuentaal kom nie. Dit moet in sy hart wees.

Waarom sou hy dan soiets teen jou sê om met jou moeilikheid te kry? --- Ek sal nie sê dat hy wil my in moeilikheid hê nie, maar hy weet ook nie wie dit gesê het nie.

Die dag met Cooper se verhoor, was jy by die Hof in Kroonstad? --- Ek was daar.

Was beskuldigde 2 ook daar? --- Ja.

Het beskuldigde 2 vir jou gesê dat hy 'n lid van P.A.C. is? --- Nee.

Het beskuldigde 3 daar vir jou gesê dat hy lid van P.A.C. is? --- Nee.

Het jy nie met hulle gesels daar nie? --- Gladnie, want

ek het hulle nie geken nie. Ek was nie gewoond gewees aan hulle nie.

Wanneer het jy vir beskuldigde 2 vir die eerste keer ontmoet? --- Ek het hom elke dag gesien daar waar hy gewerk het.

Waar was dit? --- Hy het by Truworths gewerk.

Gedurende watter jaar het jy hom vir die eerste keer gesien? --- Ek is nie seker nie, maar dit is 'n geruime tyd.

Omtrent watter jaar? --- Ek weet nie, daar om en by 1962 rond.

En het jy met hom gesels daar waar hy gewerk het? --- Ek het maar net gesien hy is daar by die winkel. Ek het nie eers sy naam geken nie.

Wanneer het jy vir die eerste keer sy naam gehoor? --- Toe ons daar by Mike by Skoonplaas gewees het, het Cooper sy naam daar genoem.

Wanneer was dit? --- Dit was hier in die omgewing van 1963.

Maart 1963? --- Ek glo nie dit was Maartmaand nie.

Was daar enige ander persoon, behalwe die wie se name jy hier verstrek het, daar by die huis van beskuldigde 4, toe Cooper ook daar was en Joe daar was? --- Nee, daar was nie ander mense behalwe die wat daar gewees het nie.

Ja, maar ek vra of daar enige ander was behalwe die name wat jy genoem het? --- Nee.

Beskuldigde 4 se vrou? --- Nee, sy was by die huis gewees.

DEUR DIE HOF: Meen dit sy was nie daar nie? --- By ons huis waar ons vandaan kom, nie daar nie.

DEUR DIE AANKLAER (verv.): Het julle self kos gemaak? --- Ek sal sê toe ek daar kom, het my swaer reeds kos gemaak.

Hoe laat het jy daar gekom? --- Ek het so by half-twee na twee-uur se kant toe daar aangekom.

Hoe laat het Cooper daar aangekom? --- Nee, ek kannie die tyd verstrek nie.

Was daardie byeenkoms in besk. 4 se huis nadat Cooper jou genader het en gevra het om lid te word van die organisasie? --- Nee, dit was voor hy met my daaroor gepraat het.

Het hy nie daar al vir jou gevra om lid te word nie? --- Nee, gladnie, hoegenaamd nie.

Kan jy onthou wat daar bespreek is by daardie geleentheid toe julle daar bymekaar was? --- Ek kannie alles onthou nie, maar ek weet daar is van voetbal gepraat. Dit was oor sport gewees.

Watse sport? --- Atletiek, voetbal.

Wat is daar van voetbal gesê? --- Ek meen nog dit was 'n span wat van Johannesburg af gekom het wat daar 'n wedstryd kom speel het.

Wat is daar gesê van voetbal? --- Ons het gesê Harmony is 'n sterk klub, sterker as ander klubs.

Speel Cooper voetbal? --- Ek het hom nooit gesien speel nie.

Joe? --- Lank gelede het ek hom gesien speel maar later van tyd nie meer nie.

Lank voor hierdie tyd? --- Ja.

Beskuldigde Nr. 4, speel hy voetbal? --- Hy speel nie voetbal nie maar hy is baie lief vir sport.

Beskuldigde 2, speel hy voetbal? --- Nee, ek weet nie baie van sy speel of lewenswyse af nie.

Speel jy voetbal? --- Nee, ek speel nie, maar ek hou van voetbal om te gaan kyk.

Ek stel dit aan jou daardie vergadering wat jy van praat, was 'n P.A.C. vergadering? --- Daar bestaan nie soiets nie.

GEEN VERDERE VRAE.

----------

BESKULDIGDES SE SAAK GESLUIT.

DIE STAATSAANKLAER spreek die Hof toe en vra vir skuldigbevinding van al die beskuldigdes op al die aanklagtes.

NR. 1 BESKULDIGDE spreek die Hof toe.

BESKULDIGDE NR. 2 spreek die Hof toe.

BESKULDIGDE NR. 3 spreek die Hof toe.

BESKULDIGDE NR. 4 spreek die Hof toe.

BESKULDIGDE NR. 5 spreek die Hof toe.

BESKULDIGDE NR. 6 spreek die Hof toe.

BESKULDIGDE NR. 7 spreek die Hof toe.

---------

Saak uitgestel tot 23 Februarie 1966.

UITSPRAAK VOORBEHOU.

---------

OP 23 FEBRUARIE 1966.

DIE HOF: Die beskuldigdes in die saak is sewe Bantoe-mans. Beskuldigde nr. 1 is 43, nr. 2 is 31, nr. 3 beskuldigde is 25, nr. 5 is 28, nr. 6 is 27 en nr. 7 is 27.

Die beskuldigdes staan al sewe aangekla op twee aanklagte en 'n alternatiewe aanklag tot aanklag 2 onder die Weg op die Onderdrukking van Kommunisme. Die aantyging teen hulle wat aanklag 1 betref is 'n bewering dat die beskuldigdes oortree het Artikel 3(1)(a)(i) gelees met sekere artikels van die betrokke Wet deurdat gedurende die periode 8 April 1960 tot die 20ste van September 1965 te of naby Virginia in hierdie Streekafdeling hulle lede geword het of lede gebly het, of ampsdraers van 'n onwettige organisasie, naamlik die Pan Africanist Congress, ook bekend as Poqo.

Aanklag 2 beweer dat die beskuldigdes hulle skuldig gemaak het aan die oortreding van Artikel 2 Sub-Artikel (1)(a)(iv) van dieselfde Wet gelees met sekere proklamasies soos in aanklag 1 en sekere ander wette, deurdat hulle ook gedurende dieselfde tydperk soos genoem in aanklag 1 deelgeneem het aan aan bedrywighede van 'n onwettige organisasie, te wete die Pan Africanist Congress, of enige bedrywigheid waarmee genoemde organisasie hom besig gehou of kon gehou het, direk of indirek ten voordele van die onwettige organisasie, voortgesit het. Wat betref die alternatiewe aanklag met die oog op my uitspraak, is dit nie

nodig om dit uiteen te sit nie.

Die eerste getuie wat die Staat geroep het, is ene CONGRESS SEPENGA. Hy het getuig dat hy gedurende 1959 diens aanvaar het te Harmony myn in die distrik Virginia, waar hy in diens was as 'n klerk. Hy het aan die Hof eers meegedeel dat hy van die beskuldigdes voor die Hof net ken beskuldigdes nrs. 4 en 7. Hy het later egter vertel van 'n gebeurtenis wat plaasgevind het waarop beskuldigdes 1, 2 en 3 teenwoordig was. Hy het intussen ook verwys na beskuldigde nr. 1 by name Tengeni, en het later aan die Hof meegedeel dat hy sopas ingekom het van buite en nie kon sien wie die persone was nie, en net toe gesê het dat hy beskuldigdes 1, 2, 3, 4 en 7 ken.

Hy sê in sy getuienis dat hy op 'n sekere Sondag gedurende Junie 1965 na nr. 1 gaan soek het by nr. 1 se huis, beskuldigde nr. 1 nie daar gevind het nie en hy het hom toe opgespoor by die huis van beskuldigde nr. 2, en in verband met dié insident sê hy dat hy op hulle afgekom het waar hulle besig was met 'n gesprek. Wat die gesprek was, weet hy nie. Hy kon slegs sê dat hy gemerk het dat hulle oor iets gepraat het en hulle het toe stil gebly. Nr.1 beskuldigde het toe die ander verseker dat hulle nie hoef bang te wees nie en gesê dat Congress ook wil aansluit as 'n lid. Hier ook het die Hof onder die indruk gekom, miskien verkeerdelik - dat Congress nog nie lid was op daardie tydstip nie, maar hy het later gesê onder kruisverhoor dat hy wel daardie tyd reeds lid was. Die woorde van nr. 1 was: 'Julle moenie bang wees vir die man nie - ons is lede van die P.A.C.; hy wil ook aansluit.'

Ek noem dit net want hierdie uitdrukking is vatbaar vir twee betekenisse dat die getuie reeds lid was of dat hy nog wou lid word. In iedere geval, beskuldigde nr. 2 wat ook teenwoordig was, was nie tevrede met die teenwoordigheid van Congress Sepenga nie. Hy het beswaar gemaak met die gevolg dat Congress toe nie deelgeneem het aan enige besprekings wat plaasgevind het nie en die toneel verlaat het.

Beskuldigde nr. 1 het in Kruisverhoor aan Congress gestel: 'Onthou jy toe ek daar kom was ek daar met Alfred en ene Phiri.' (phiri is nr. 2 se bynaam.) Congress het in die verband geantwoord dat dit nie op betrokke dag was nie, maar op 'n vorige geleentheid dat hy nr. 1, nr. 2 en Alfred bymekaar gevind het. Die getuie is deur nr. 2 ook in verband met die geleentheid ondervra en getuie het dieselfde verduideliking gegee. Nr. 3 het dit aan Congress gestel: 'Het hy enigiets slegs gehoor wat ek gesê het?' Congress se antwoord was: 'Jy het niks gesê nie; dit was net nrs. 1 en 2.' Nr. 3 se vraag is belangrik. Hy vind nie fout met wat die getuie gesê het i.v.m. wie teenwoordig was op betrokke geleentheid. Inadmissible against No1 and No2.

Ek kom nou by die getuienis van Joe Maruma. Maruma het gesê in sy getuienis dat daardie tyd, in 1963, en ek wil dit net duidelik hier stel dat dit in 1963 was wat hierdie gebeure plaasvind waarvan hy getuig het. Joe Maruma sê daardie tyd in Februarie 1963 was hy lid gewees van die Pan Africanist Congress. (Ek sal na die Pan Africanist Congress verder in hierdie uitspraak verwys as die P.A.C.) Hy het getuienis afgelê omtrent verskeie vergaderings, soos hy hulle genoem het, waar hy teenwoordig was en wat daar op die vergaderings sou plaasgevind het.

Die eerste vergadering wat hy van praat is te Saaiplaas kampong gehou in die kamer waar hy, Joe Maruma, gewoon het. Hy sê hy meen dit was in Februarie 1963, en by daardie geleentheid was teenwoordig gewees hy, Cooper, beskuldigde nr. 2, Tsedi, Greatwell en hy sê nr. 2 en Tsedi was eintlik die sprekers. Hy sê hier dat nr. 2 gesê het op die geleentheid, 'Ons moet alles doen om die P.A.C. te bevorder, persone werf om opgelei te word as soldate met die doel dat daar teen die blankes geveg word.'

Die tweede vergadering wat hy noem in sy getuienis was gehou te Skoonplaas, Harmony, by die huis van nr. 1. Hy sê hy dink dit was in Maart 1963 en teenwoordig was gewees getuie Cooper en nr. 1 en hy sê aldrie van hulle het gepraat. Nr. 1

was die persoon wat hulle aangehits het en gesê het dat die P.A.C. 'n goeie beweging is en gesê alles gedoen moes word om soldate op te lei en die beweging te bevorder. Daarna is hulle na 'n ander huis waar Cooper nog gepraat het. Die derde voorval was die geval by die hostel te Melody. Op die geleentheid was teenwoordig gewees nrs. 2, 3, 5 en 6. Ook Cooper en die getuie Joe Maruma. Dit was Maart 1963 - dit was 'n P.A.C. vergadering en die sprekers was Cooper en beskuldigde nr. 2. Cooper het op die geleentheid gesê dat hy gaan na Basoetoland toe waar hy homself gaan laat oplei as 'n soldaat en hy het nog die vertroue uitgespreek dat ander sy voorbeeld sal volg.

Die doel was gewees om soldate op te lei om die Blanke regering te beveg. Nr. 2 het gesê dat hulle moet ophou om lafhartig te wees en in die goeie spore van Cooper volg en hy het by daardie geleentheid gesê hy persoonlik sal ook vir Cooper volg. Daar is verder sake in verband met die P.A.C. bespreek en almal teenwoordig het ingestem.

Die 4de geval was ook te Skoonplaas by die huis van beskuldigde nr. 4. Die getuie het gesê dit was op Sondag gehou en kon hy nie die datum onthou nie. Teenwoordig was gewees die getuie, Cooper en nrs. 2, 4 en 7. Almal het gepraat, maar hy sê dat nr. 2 die persoon is wat die meeste gepraat het. Dit het plaasgevind terwyl Cooper sou voortgaan na Basoetoeland. Hulle het gesê hy moet vir Cooper sê hy moet vir hulle wag in Basoetoeland, hulle kom. Alles is volledig bespreek en almal het aanvaar wat daar gesê is. Beskuldigde nr. 2 het onder kruisverhoor 'n vraag aan die getuie gestel in verband met die geleentheid om weer te herhaal wat hy, beskuldigde nr. 2 sou gesê het op die vergadering. Hier het die getuie gesê hy kan nie vandag alles sê wat nr. 2 gesê het nie. Hy onthou net dat beskuldigde nr. 2 gesê het hulle moet gou maak om mense te kry. In sy hoofgetuienis het hy spesifiek gesê wat nr. 2 sou gesê het.

Wat beskuldigde nr. 3 betref, het hy vrae gestel oor wat die getuie gesê het in verband met die derde byeenkoms, die byeenkoms was nie juis 'n geheime byeenkoms waar hulle afgesonder was nie. Dit het by die hostel plaasgevind. Uit die getuienis van Maruma blyk dit duidelik dat hulle daar bymekaar gekom het in die kombuis en dat daar blykbaar mense gekom en gegaan het. Ek kry die indruk dat dit 'n toevallige byeenkoms was, en dat beskuldigdes 3, 5 en 6 toevallig daar aangekom het en nie juis op uitnodiging.

Cooper Lelkala het getuig dat hy reeds 7 Junie 1963 skuldig bevind is weens onwettige bedrywighede wat hierdie organisasie betref. Hy sê dat ene Tsedi hom laat aansluit het by die beweging in die begin van 1963. Hy het baie vergaderings bygewoon beide in die Republiek asook in Basoetoeland. Uit sy eie getuienis lei 'n mens af dat hy 'n groot geesdriftige was en so blyk dit ook uit die getuienis van ander getuies en ook sommige van die beskuldigdes.

Hy vertel van 'n vergadering wat gehou is te Saaiplaas gedurende 1963, waarop teenwoordig was verskeie persone, maar nie een van die beskuldigdes nie. So ook is 'n vergadering gehou weer te Saaiplaas in Januarie 1963 waarop dieselfde persone teenwoordig was, ook nie een van die beskuldigdes nie. Die derde vergadering praat hy van Februarie 1963 toe hy en ook die ander persone wat hy aanvanklik genoem het, teenwoordig was, maar nie een van die beskuldigdes nie. Na die geleentheid, na die vergadering is hy na Maseru toe. En dan vertel hy van 'n vierde vergadering te Melody by die huis van nr. 3. By die geleentheid sê hy was daar teenwoordig gewees hy homself, die getuie, Joe Maruma, Thomas Nxobo en nrs. 2 en 3, en dit was in Maart 1963. Dit was ook 'n P.A.C. vergadering. Cooper sê hy was die spreker en ook het gepraat nr. 2 en Joe en die P.A.C. is bespreek, en daar is onder andere gesê dat hulle moet die opdragte van hoofkantoor gehoorsaam wees, hulle moet nuwe lede werf, ens., met die doel om die blankes en die regering te baklei.

Die vyfde vergadering wat hy van praat was gehou in die hostel te Melody in Maart 1963 en dit blyk dieselfde vergadering te wees waarvan Joe Maruma ook getuig. Soos ek reeds gesê het, hy is die persoon wat gesê het dit het in die kombuis plaasgevind. Die persone wat betrokke was by die byeenkoms was beskuldigdes nr.'s 2, 3, 5 en 6 en ook Cooper natuurlik, en Joe. Ek het reeds gemeld wat Joe gesê het van die vergadering en is dit nie nodig om iets meer in die verband te sê nie.

Die sesde vergadering waarvan hy getuig was gehou te Harmony by die huis van beskuldigde nr. 4. Dit is ook 'n vergadering wat Joe van praat. Dit is die vergadering waarop teenwoordig was Joe, Cooper, nr. 2, 4 en 7. Dit is toe dat hy ook gesê het hy gaan na Basoetoeland toe - dit is Cooper wat so gesê het - hy moes Die President van die P.A.C. gaan spreek, ene P.K. Leballo. Hy sou ook die lede se name saam met hom neem waar dit in 'n groot boek of groot register opgeskryf sou word. Joe en nr. 2 beskuldigde het ook op die geleentheid gepraat. Almal sê hy, teenwoordig, was lede. En sê hy dat hy nr. 4 self gewerf het as 'n lid en so ook dat hy nr. 7 gewerf het as 'n lid. In verband met nr. 1 getuig hy dat hy hom ook goed geken het te Harmony waar hulle saam gewerk het en dat hulle ook vriende was. Hy sê dat hulle baie onderwyssake bespreek het en later politiek, en hier het hy ook gesê dat wanneer hy van politiek praat, was dit P.A.C.-sake. Hy sê by Maart 1963 was beskuldigde nr. 1 ook vurig wat die politiek betref, en is beskuldigde nr. 1 ook lid gemaak van die P.A.C.

Hy praat ook van 'n sekere Sondag toe nr. 1 sou gaan tennis speel het, toe hy, Cooper, en Joe Maruma na nr. 1 gegaan het en P.A.C. sake bespreek het. Hulle het die konstitusie aan nr. 1 verduidelik, aan hom verduidelik wat die pligte was van 'n lid, en die doelstellings van die P.A.C. dat hulle alles in hulle vermoë sal doen om die regering te oorweldig, sodat hulle hulle eie regering in die plek daarvan kan stel.

Nr. 1 het daarmee ingestem. Daarna is hulle na 'n ander huis waar daar 'n drinkery aan die gang was, en hy sê hy wou verder daar praat van die P.A.C. maar hulle het hom stilgemaak. Onder meer getuig die getuie dat die getuie Thomas wat later geroep is, ook 'n lid van die P.A.C. is.

Cooper sê verder in sy getuienis dat hy aan die einde van Maart 1963 na Basoetoeland is waar hy Leballo en ander ontmoet het. Leballo het hom toe opdrag gegee hoe hy moet werk, gesê hy moet lede werf vir die beweging en hy moet takke van die P.A.C. stig. Hy moet sy mense uitsoek en hulle leer, want die tyd het naby gekom dat hulle die Blankes moet baklei. Hy sê hy was tweemaal in Basoetoeland.

Verder het hy getuienis afgelê in verband met sake wat nie een van die beskuldigdes affekteer nie.

Nr. 1 het nie Cooper se getuienis in Kruisverhoor kwaai aangeval nie. Beskuldigde nr. 2 het vir Cooper onder meer 'n vraag gestel in Kruisverhoor, of Cooper kan onthou dat hy, beskuldigde nr. 2, getuienis teen Cooper afgelê het te Kroonstad ten tye van Cooper se verhoor onder dieselfde wet. Cooper het erken dat dit so was.

So ook het nr. 3 'n soortgelyke vraag aan hom gestel en het hy ook erken dat dit so was.

Na aanleiding van 'n vraag wat beskuldigde nr. 4 aan hom gestel het, het hy gesê dat hy nr. 4 wel in die Hof gesien het en was bewus van die feit dat hy 'n getuie sou wees, maar dat nr. 4 nie getuig het nie.

Thomas Nxobo het gesê in sy getuienis dat hy lid geword het van die beweging in 1963, teen die einde van die jaar. Hy sê nr. 2 het hom meegedeel dat hy, beskuldigde nr. 2, hom ingesit het as 'n lid. Hy het 'n geleentheid beskryf toe dit plaasgevind het, naamlik toe hy van die werk afgekom het op 'n Saterdag en hy beskuldigde by die bus ontmoet het. Hy het eers vrae aan die beskuldigde gestel en was daarna tevrede. Hy het baie van Cooper gehoor en nr. 2 het hom vertel dat

Cooper die man was van die P.A.C. Dan sê die getuie dat hy ook vergaderings bygewoon het as lid van die beweging. Hy vertel ook van 'n geleentheid by nr. 2 se huis te Melody waar nrs. 2, 3, Cooper en hy, die getuie, teenwoordig was en P.A.C.-sake bespreek is. Dit is die dag toe Cooper aan hom gesê het dat hy weggaan na Basoetoeland toe. Dit is die getuienis wat voor die Hof gelê is deur die Staat. Kragtens artikel 251 van die Strafkode het die Aanklaer my gevra om kennis te neem van die volgende proklamasies. Proklamasie 119 van 1960, gedateer die 8ste April 1960 wat die beweging van die Pan Africanist Congress onwettig verklaar vanaf die 7de April 1960 tot die 6de van Maart 1961. Proklamasie 83 van 1961 wat Proklamasie 119 van 1960 verleng tot die 6de van April 1962. Proklamasie nr. 67 van 1962 wat ook Proklamasie 119 van 1960 vir 'n verdere jaar verleng tot 6de April 1963 en Proklamasie nr. 31 van 1963 wat dieselfde Proklamasie verleng tot die 6de April 1964, en dan Proklamasie nr. 91 van 1963 wat verklaar dat die beweging bekend as Poqo, dieselfde beweging is as die beweging bekend as die Pan Africanist Congress.

Beskuldigde nr. 1 het getuig as volg. Hy het die Hof meegedeel dat hy by die Harmonie Myn diens aanvaar het in 1959. Dat hy vroeër werksaam was as 'n onderwyser te Germiston en sê hy het daar gewerk tot in 1963, en dat toe Cooper en ander gearresteer is hy nog daar gewerk het. Hy was 'n hoofklerk daar. Congress was 'n senior klerk onder hom. Aangaande die P.A.C. het hy gelees daarvan in koerante en hy het gelees dat mense van Johannesburg daaraan deelneem. Hy sê hy het egter lateraan gevoel dat hy beter af was deur nie lid te wees van die P.A.C. nie. Hy het later begin bang word vir die P.A.C., en hy het nooit lid van die organisasie geword nie. Hy was te Harmonie toe Cooper-hulle gevang is en gehoor dat hulle deelgeneem het aan P.A.C. bedrywighede en dat Cooper se naam in die verband genoem is. Hy sê hulle het opdrag gehad van die owerhede te Harmonie en is hulle gesê hulle moet hulle oë oopmaak en as

hulle iets ongewoonds sien in verband met die P.A.C. moet hy dit aan hulle rapporteer. Dan vertel hy dat by die geleentheid toe Cooper gearresteer is, is daar sekere name uitgesoek en dat hy die kaarte help uitsoek het en dat Cooper ook gesê het op daardie geleentheid dat hy, beskuldigde nr. 1, nie 'n lid is van die beweging nie, en dat hy nie geneem is as getuie in Cooper se saak nie. Hy sê as Cooper sê dat hy, beskuldigde nr. 1, 'n lid is, dan vertel Cooper leuens. Cooper het by nr. 1 se huis gekom en bier gedrink, en ook onder andere om vir 'n meisie daar te kom kuier, beskuldigde se vrou se suster. Dan vertel hy van die geleentheid wat Cooper ook van vertel het dat Cooper op 'n Saterdag daar gekom het, maar hy sê op daardie geleentheid het hy tennisspelers van Bloemfontein verwag. Ek kan net hier byvoeg dat volgens kruisvrae wat hy aan sekere getuies gestel het, en ook getuienis wat hy later geroep het, blyk dit dat beskuldigde een van die groot mense was in sy omgewing wat sport betref. Hy was 'n prominente tennisspeler en organiseerder van sport ens. en hy het ook deel gehad as lid van die Skoolkomitee ens. Ek sal later daarby kom. Hy sê op hierdie geleentheid was Cooper baie gedrink op dié Saterdag. Hy sê Cooper het ook gepraat van P.A.C. tot die tennisspelers gekom het. Hy gaan aan om te vertel dat hy van plan was om definitiewe getuienis teen Cooper te kry en hy het om daardie rede vir Cooper gevra om vir hom die konstitusie te bring. Dié het hy blykbaar van Cooper gekry. Hy sê hy wou dit neem na die hoofkampongbestuurder. Dan vertel hy van sy onderhandelinge met mnr. Chatterton aangaande Cooper en dat Cooper ook naderhand gearresteer is. Ook dat na Cooper se skuldigbevinding mnr. Chatterton gesê het 'he is fixed.' Aangaande die getuie Congress het besku digde nr. 1 gesê hy weet niks wat Congress van praat nie. Hy het gewerk by die kampong tot 1964 en toe is hy weg na Bantoesake, waar hy te Virginia gewerk het as tolk. Hy het toe later verneem dat die Veiligheidspolisie na hom soek en hy is toe later gearresteer. Hy sê aangaande

wat al die mense hier gesê het dat hy vergaderings van die P.A.C. bygewoon het, weet hy niks van nie.

In verband met die geleentheid waarvan Congress getuig het, sê hy toe Congress na hom gekom het was dit hy, die beskuldigde, Congress en Alfred, en hulle is toe na die huis van nr. 2. Hulle het altyd saamgedrink. Wat beskuldigde nr. 3 betref sê hy ken hy hom net van sien hy ken nie sy naam nie. Hy weet van 'n vergadering by sy (beskuldigde 1) huis gedurende Junie 1965 of vroeër op 'n Saterdag in verband met 'n komitee - die Public Servant's Club, waarvan hy, die beskuldigde, die voorsitter was. Op die geleentheid sê hy het Congress daar aangekom en het hy hom gesien en Congress was dronk en hy het toe vir Congress weggestuur. Hy het die Hof meegedeel van al sy bedrywighede as 'n lid van die Skoolraad - Skoolkomitee ens. wat hy moes bywoon - en dat hy nie tyd gehad het om aan die P.A.C. te behoort nie. Ook in verband met sy sportsbedrywighede is daar getuienis dat hy aan tennis, golf, krieket ens. deelgeneem het en bevorder het.

Ek sal later handel met wat gesê is onder kruisverhoor. Hy het ook 'n getuie geroep naamlik Reginald Mbenya 'n gevangene wat weens sy politieke bedrywighede tans aangehou word te Robbeleiland. Die getuie het gesê dat hy nr. 1 reeds 7 jaar ken en dat hy hom ook goed ken. Hy is gevang en is dit beweer dat hy lid was van Poqo. Hy is gevra deur beskuldigde no. 1 of hy ooit gehoor het of beskuldigde nr. 1 se naam by P.A.C. vergaderings genoem is en hy het gesê nie en het ook ontken dat hy, getuie, lid was van die P.A.C. In Kruisverhoor deur die Staatsaanklaer het getuie erken dat hy aan ene sers. Potgieter sou gesê het op 'n geleentheid dat ene Richard Utsunga na hom sou gekom het en vir hom gesê het dat hy lid moet word van Poqo, maar dat dit 'n leuen was en dat hy dit onder dwang gesê het. Hy het toe verduidelik hoedat hy gedwing is. In die verband was sy getuienis nie oortuigend nie.

Beskuldigde nr. 1 het ook ene May Ntegena geroep, 'n

Bantoepredikant op Virginia, wie getuig het dat beskuldigde 'n lid was van die Skoolkomitee te Melody, waarvan die getuie die voorsitter was. Hy het ook verder getuig in verband met beskuldigde se lidmaatskap van die Public Servants' Club - die is deur die Staatsaanklaer aanvaar en so ook is die getuienis. Getuienis gelewer deur David Lebokena is ook deur die Staatsaanklaer aanvaar, dat beskuldigde lid van die Skoolkomitee was. Die getuie het getuig dat hy leraar is, asook Voorsitter van die Skoolraad en beskuldigde was 'n lid van die Skoolraad, die vergaderings gereeld bygewoon het, dit wil sê 6 keer per jaar. Die skoolraad het nooit op Saterdae en Sondae gesit nie.

Beskuldigde nr. 2 het geen getuies gehad om te roep nie. Hy het self getuienis afgelê en gesê dat hy bekend is ook as Pierie. Dat hy en Cooper bevriend is. Hulle het baie saam uitgegaan. Cooper sou op een geleentheid vir hom gesê het, 'Hoe lyk dit wil hy nie 'n lid word van die P.A.C. nie', maar hy het geweier.

In verband met die getuienis van Congress Sepenga getuig hy dat Congress vir hom gekry het by sy huis op 'n Saterdag waar nr. 1 en Alfred Suku teenwoordig was. Nr. 3 was nie daar nie. Op die geleentheid is geen P.A.C.-sake bespreek nie. Beskuldigde 2 se getuienis bots met die getuienis van beskuldigde nr. 3, wat sê dat hy wel daar teenwoordig was, en beskuldigde nr. 2 het die res van die getuienis van Congress ontken.

In verband met Joe Maruma se getuienis sê die getuie hy ken vir Joe en aangaande die eerste byeenkoms waarvan Joe gepraat het te Saaiplaas, Februarie 1963 het beskuldigde nr. 2 ontken dat hy ooit daar was. Hy ontken die voorval by die hostel te Melody - dit is die 3de geleentheid waarvan Joe getuig het asook die geleentheid by nr. 4 se huis te Skoonplaas. Hy sê dat hy nooit op P.A.C. vergaderings was nie. Ook so in verband met Cooper se getuienis ontken hy dat hy (nr. 2) teenwoordig was by die huis van nr. 2 te Melody en in verband met Thomas Nxobo se getuienis ontken hy ook wat Thomas gesê het

aangaande Thomas se lidmaatskap. Hy sê dit is 'n leuen dat hy vir Thomas 'n lid gemaak het. Hy ontken dat hy te enige tyd P.A.C.-sake met Thomas bespreek het.

Hy sê ook in verband met Cooper dat Cooper gearresteer is as 'n lid van die P.A.C. maar dat hy, die getuie, kan nie sê of Cooper 'n lid was al dan nie.

Onder kruisverhoor wil ek net die volgende noem. Hy is gevra deur beskuldigde nr. 3 in verband met sy teenwoordigheid by die huis van beskuldigde nr. 2 en toe het beskuldigde nr. 2 ontken dat nr. 3 ooit by sy huis was op daardie geleentheid.

Beskuldigde nr. 3 John Monjameng het geen getuies geroep nie en hy het self onder eed getuig. Hy sê hy is nie 'n lid van Poqo nie. In verband met Congress Sepenga se getuienis sê hy wel dat hy by die huis van beskuldigde 2 gekom het op 'n Sondag. Hy het sy broer nr. 2 daar tuis gevind. Hy was toe alleen. Later het Congress daar aangekom saam met Alfred en beskuldigde nr. 1. Volgens sy verdere getuienis weet hy maar min wat plaasgevind het. Hy het vir hom koffie geskink en P.A.C. sake is nie bespreek nie. Egter later in kruisverhoor het hy gesê dat dit moontlik is dat sulke sake kon bespreek gewees het, maar hy het dit nie gehoor nie. Dan verduidelik hy ook sy teenwoordigheid by die hostel op die geleentheid waarvan Joe Maruma getuig het. Hy sê dit was geen vergadering gewees nie; dit is net toevallig dat hy daar gekom het om 'n koerant te koop. Hy ontken Cooper se getuienis in verband met die byeenkoms by sy huis. Hy sê ook dit is onwaar wat Cooper sê dat Cooper hom gewerf het as 'n lid. So ontken hy ook wat Thomas gesê het dat hy, beskuldigde nr. 3, lid is van die P.A.C.

Beskuldigde nr. 4 Michael Malepane ontken ook sy lidmaatskap van die P.A.C. en hy sê in verband met Joe Maruma se getuienis aangaande die vierde byeenkoms waarop Joe teenwoordig was te Skoolplaas, dit is die geleentheid ten opsigte waarvan Joe getuig het, dat dit plaasgevind het by beskuldigde nr. 4 se huis. Hy erken dat Joe daar was en ook Cooper. Hy sê dat

Cooper en beskuldigde nr. 2 daar aangekom het ook saam met nr. 7 beskuldigde. Hy sê dat Cooper en beskuldigde nr. 2 daar aangekom het, saam. Hy sê hy was besig om kos te maak. Hulle het saam geëet voordat die ander daar gekom het. Cooper en nr. 2 het drank uitgehaal. Dit is toe wat hulle gepraat het oor alledaagse dinge; hulle het glad nie P.A.C.-sake bespreek nie. Hy ontken dat Cooper hom lid gemaak het van P.A.C. Na Cooper gevang is, het die polisie 'n lys van name gehad en hy het gehoor dat Cooper sê hulle is nie lede P.A.C. Hy gee toe dat Cooper 'n persoon is wat baie gepraat het in verband met P.A.C.-sake by die kampong.

Beskuldigde nr. 5, Simon Moreke word getref slegs deur die getuienis van Joe Maruma in verband met die geleentheid waarvan Joe getuig het dit is die derde geleentheid toe hulle bymekaar gekom het by die hostel te Melody. Hy ontken nie dat hy daar was nie, maar hy sê hy het geen P.A.C.-sake bespreek nie en dit blyk dat hy maar heel toevallig teenwoordig was in die kombuis. Beskuldigde nr. 5 het heel spontaan toe die volgende getuienis afgelê, in verband met die bedrywighede van beskuldigde nr. 2 in besonder. Hy sê dit was in April 1963, op 'n Saterdag dat nr. 2 met hom gepraat het oor P.A.C.-sake en dit was by hulle werk gewees. Dit blyk dat daar 'n blanke man was wat by hom (nr. 5) 20 sent wou leen om kos te koop en dat nr. 2 hom geskrobbeer het nadat hy die blanke die geld gegee het. Nr. 2 het bygevoeg dat as die P.A.C. daarvan weet dan sou hulle hom doodmaak. Hy het nr. 2 toe nog gevra watse beweging is dit en nr. 2 het hom meegedeel dat dit 'n organisasie is om met die blankes te baklei, en hulle het hom, nr. 5, gevra of hy nie by die beweging wil aansluit nie. Hy het toe gesê nee. Omtrent vier dae later sê hy is hy na nr. 2 se huis. Nr. 6 beskuldigde was saam met hom. Nr. 2 het toe gesê dat hy baie lede wil werf vir die P.A.C. en weer vir beskuldigde nr. 5 gevra of hy nie wil aansluit nie. Getuie sê hy het geweier omrede nr. 2 nie vir hom kon sê wat hy daaruit sal kry nie.

Maar die groot ding waaroor gepraat is met hom is dat die beweging daar is om blankes te beveg. Hy sê hy het vir nr. 2 gevra of hy, nr. 2, dink dat die P.A.C. met die blankes in die Republiek sal kan baklei. Die beskuldigde nr. 2 sou toe vir hom gesê het dat hulle nie alleenlik lede in Basoetoeland het nie, maar orals in Afrika waar daar nie-blanke regerings is. Hy het verder ook gesê dat hulle mense stuur na Basoetoeland waar hulle opleiding ontvang en beskuldigde meegedeel dat dit die organisasie is van Leballo. Die getuie het geweier om aan te sluit.

Hy getuig van 'n geleentheid toe hy by nr. 3 gekom het waar hy gevind het vir Cooper en ook vir Joe en vir nr. 2 en nog ander mense. Dit is die geleentheid toe nr. 2 sou gesê het 'Hier is Pieter wat nie lid wil word van jou P.A.C. nie.' Op die geleentheid is daar drank gekoop en gedrink en hy is weg. Dan vertel hy van 'n geleentheid toe hy die laaste maal vir Cooper gesien het. Hy sê dit was tussen die Basoetoe en die Xhosa hostelle en nr. 2 was saam en ook Cooper en Thomas. Hy sê hulle het toe vir nr. 6 wat saam met hom, beskuldigde nr. 5, was geroep en met hom gepraat. Hy kon nie hoor wat hulle gesê het nie, maar dadelik het nr. 6 vir hom kom sê dat nr. 2 vir hom gevra het dat hy moet aansluit by die P.A.C. en vir hom gesê hy moet saamgaan na Cooper toe en hy is opdrag gegee om die inligting nie oor te dra aan nr. 5 beskuldigde. Nr. 6 Elias Maletane is betrokke wat betref die derde geleentheid wat Joe Maruma van getuig het en hy het getuig hy weet niks van die geleentheid nie. Hy getuig verder hy en nr. 5 beskuldigde saam was waar hy genader was deur beskuldigde nr.2 om aan te sluit by die P.A.C. en sê hy dat dit toe die derde keer was dat nr. 2 hom genader het. Hy het egter elke keer geweier. In verband met hierdie laaste geleentheid sê hy ook dat hy gevra is om saam met Cooper na Basoetoeland te gaan.

In antwoord op 'n vraag aan hom gestel deur beskuldigde nr. 2 het hy gesê dat hy het altyd geweet dat beskuldigde nr.2

'n lid is van P.A.C. Hy het ook probeer om die beskuldigde nr. 2 te vermaan in daardie verband. Hy het geen getuies geroep nie. Beskuldigde nr. 7 het ook geen getuies geroep nie en het ook getuig onder eed en hy sê in verband met die geleentheid waarvan Joe Maruma getuig het (dit is die 4de byeenkoms te Skoonplaas by die huis van nr. 4) - hy sê dit was nie 'n vergadering nie. Hy sê wie daar teenwoordig was was hy, Cooper en nr. 4, en dit was op 'n Sondag. Hy sê hy het slegs gaan kuier en was daar slegs algemene besprekings en nie 'n gesprek in verband met die P.A.C. nie.

Hy sê in 1963 het hy gewerk te Harmony en toe het hy gehoor dat Cooper praat van die P.A.C. En Cooper het hom genader om lid te word en hy het geweier. Dit was 2 of 3 dae nadat Cooper weg is dat die speurders na hom gekom het en is hy gebring na die speurders se kantoor. Hy is gevra of hy Cooper ken. Hy is gevra of hy weet wat Cooper gepraat het van die P.A.C. Hy sê hy het alles gesê en hy en Cooper is gebring na Welkom na die Speurderskantore toe. Daar het Speurder Du Plooy vir Vooper gevra of hy en beskuldigde nr. 7 lid is van die P.A.C. Cooper het toe ontken dat nr. 7 'n lid is en op daardie geleentheid is hy dan ook nie aangekla nie.

Die getuies in die saak wat vir die Staat getuig het, Congress Sepenga, Joe Maruma en Cooper en ook Thomas was almal medepligtiges en hulle getuienis moet as medepligtige getuienis behandel word, en in daardie verband is die Hof aandagtig aan al die welbekende beslissings en hou die Hof hulle ook in gedagte in verband met medepligtige getuienis. Ek moet sê dat al die getuies ofskoon daar verskille in hulle getuienis bestaan in my bevinding eerlike getuies was. Ek sê daar bestaan verskille en myns insiens is die rede daarvoor dat hierdie gebeure so lank gelede plaasgevind het as omstreeks die begin van 1963, en kan 'n mens nie verwag dat na al hierdie tyd wat verloop het, hierdie getuies presies moet kan sê wat op sekere geleenthede gebeur het nie. Joe Maruma het vertel van verskeie

vergaderings en so ook het Cooper getuig van verskeie vergaderings. Daar was blykbaar party vergaderings wat Joe op was en verskeie vergaderings waar Cooper teenwoordig was, waar Joe nie by was nie. Ander weer is vergaderings wat blykbaar nie die vergaderings is waarvan die een en die ander hier van getuig het nie.

Wat Congress Sepenga betref, het hy my voorgekom as 'n persoon wat baie regverdig getuig het. Ek dink as ek met sy getuienis moet fout vind moet ek sê dat hy eerder geleun het na die kant van beskuldigdes as na kant van die Staat en dit het voorgekom asof hy huiwerig was om die mense direk te impliseer. Hy het wel eers gesê dat hy net beskuldigdes 4 en 7 ken, maar toe hy begin getuig het oor 'n besondere voorval het hy baie duidelik gesê wie al die betrokke persone was, naamlik beskuldigdes nrs. 1, 2 en 3. Daar bestaan 'n verskil daar ook tussen die getuienis van beskuldigde nr. 2 en nr. 3 in daardie verband. Nr. 2 wil beweer dat op dié geleentheid waarvan beskuldigdes 1, 2 en 3 ook getuig het, nr. 3 nie teenwoordig was nie, dog nr. 3 beweer dat hy daar was. Nr. 1 en nr. 2 en nr. 3 het gepraat van 'n sekere geleentheid toe ene Alfred by was terwyl die getuie sê nee dit was nie op daardie geleentheid nie, dit was op 'n ander geleentheid toe Alfred teenwoordig was. Ek sê hy was regverdig gewees teenoor die beskuldigdes om die rede dat hy sê dat hy het hulle gesien of gevind blykbaar in gesprek, maar hy weet nie wat bespreek is, maar vertolk nietemin wat nr. 1 sou gesê het aan nr. 2 in verband met sy lidmaatskap.

Nou, wat betref beskuldigde nr. 1, is daar die getuienis van Congress Sepenga, wat vertel het van hierdie geleentheid waarvan ek ook sopas melding gemaak het wat hom met die misdaad verbind. Dit is die geleentheid toe nrs. 1, 2 en 3 teenwoordig was. Dan is daar die getuienis van Joe Maruma wat beskuldigde nr. 1 met die misdaad verbind en daar is gesê dat die tweede vergadering waarop Joe Maruma teenwoordig was, ook

'n P.A.C. vergadering was, en dat dit plaasgevind het in die woning van beskuldigde nr. 1. Dit is ook duidelik uit die getuienis dat beskuldigde nr. 1 'n lid was en nie net lid was nie, maar volgens die getuies ander mense ook aangemoedig het en aangehits het soos die getuies sê. Dan is daar ook Cooper se getuienis, dat Cooper hom werklik lid gemaak het, en dat hy met hom politiek gepraat het en dat beskuldigde nr. 1 ook vurig in die politiek was wat betref die P.A.C.

Beskuldigde nr. 1 het my nie beïndruk as 'n eerlike getuie nie. So byvoorbeeld onder kruisverhoor begin hy sy getuienis in verband met Reginald en sê hy dat hy ken hom en hy weet nie dat hy lid is van die P.A.C. nie en het hy maar gehoor dat Reginald gevang is. Uit verdere vrae wat aan hom gestel is blyk dit dat hy op 'n vorige geleentheid vir 'n landdros gevra het toe hy verskyn het dat hierdie Reginald moet gebring word van Robbeneiland om namens hom te kom getuig. Dié Reginald sou geroep word met die doel om te kom sê dat hy, beskuldigde nr. 1, nie 'n lid is van die organisasie nie. Dit volg dat Reginald, indien hy nie lid was van die organisasie, nutteloos sou wees as 'n getuie. Met ander woorde, beskuldigde was ten volle bewus - dit is heeltemal logies - dat Reginald 'n lid was van die beweging en dat Reginald heelwaarskynlik die beweging goed geken het en deelgeneem het aan die aktiwiteite van die beweging, anders hoe sou hy kon getuig i.v.m. nr. 1 se lidmaatskap, en dan sê hy op die ou end dat hy nie geweet het dat Reginald lid was nie, maar hy het hom maar geroep omdat hy gevang is. Hy erken ook dat hy geen moeilikheid met Cooper gehad het nie; dat hy nie teen Cooper wou getuig het nie en derhalwe volg dit dat Cooper ook geen rede sou hê om hom vals te inkrimineer nie. Myns insiens dan wat beskuldigde nr. 1 betref, is die getuienis van die verskillende getuies wat ek reeds my mening oor uitgespreek het, so oorweldigend dat ek nie anders kan nie, vernaamlik met die oog op sy getuienis wat ek reeds my mening oor uitgespreek het wat ek

ook verwerp bo redelike twyfel as vals, om te bevind dat hy lid was van die organisasie gedurende die tydperk genoem in die klagstaat en dat hy ook aktief deelgeneem het aan die bedrywighede van die organisasie. Ek vind hom skuldig op aanklagte 1 en 2.

Ek wil net verder byvoeg dat wat beskuldigde 1 betref dat die getuienis wat hy aan die Hof blootgelê het deur sekere getuies te roep, predikante ens. in verband met sy bedrywighede in die sportwêreld - maatskaplike wêreld aanneemlik is en dit word aanvaar maar dit op sigself sou nie soveel van sy tyd in beslag geneem het dat hy nie nog kon deelgeneem het aan hierdie ondergrondse beweging nie. Wat beskuldigde nr. 2 betref, is daar dieselfde getuies na wie ek verwys het. Wat betref beskuldigde nr. 2, ek het hom ook nie geloofwaardige getuie gevind nie. Hy ontken feitlik alles. Hy ontken feitlik die hele getuienis van Joe Maruma en Cooper. Ek sien geen rede waarom sy naam sou ingesleep gewees het as hy nie tenminste daar teenwoordig sou gewees nie, en dan is daar selfs Thomas wat teen hom getuig in verband met sy bedrywighede in die organisasie. Ek het geen aarseling om Thomas se getuienis te aanvaar nie. Daar is dan behoorlike stawing van die verskillende Staatsgetuies se getuienis, al is dit nou nie in verband met besondere insidente nie, maar in verband met beskuldigdes se bedrywighede in die geheel. Hy het ook vir my leuens vertel in sy getuienis onder kruisverhoor toe hy vir my gesê het dat hy vir Cooper gevra het of hy lid is en Cooper gesê het hy is. Dan sê hy het hy nie vir Cooper geglo nie. Toe hy gevra is waarom nie, het hy te kenne gegee dat die P.A.C. tot sy kennis slegs bestaan in die Transvaal volgens hy in die koerante gelees het. Hy het later egter toegegee dat hy weet van die bedrywighede van die P.A.C. in Basoetoeland waar die leier Leballo was. Hy het ook geweet van die gebeure toe verskillende persone oor die grens gekom het en met dokumente betrap is. Hy het gelees van die aktiwiteite van die Poqo in

die Paarl en dit is dan ook duidelik dat hy in daardie verband leuens vertel het.

Ek wil nie onnodiglik lank uitwei oor sy verdere getuienis nie. Ek wil net hier sê dat beskuldigde nrs. 5 en 6 heelwat in verband met sy bedrywighede gesê het. Beskuldigdes nrs. 5 en 6 se getuienis het spontaan uitgekom. Niemand het hulle daarna gevra nie. Dit is heel duidelik wat beskuldigde nr. 2 betref, dat hy tot oor sy ore in hierdie bedrywighede was. Ek vind hom dan ook skuldig aan albei klagte, 1 en 2.

Dan kom ek by beskuldigde nr. 3. Daar is getuienis ook van dieselfde getuies in verband met tye en plekke, waar hy teenwoordig was. Daar is byvoorbeeld die eerste geleentheid in verband waarmee Congress getuig; op die geleentheid het hy feitlik niks gedoen nie, of enige aandeel gehad in gesprekke wat daar plaasgevind het nie, want dit was net beskuldigdes 1 en 2 wat opgetree het.

Wat betref die derde vergadering wat Joe Maruma van getuig het, dit is die geleentheid by die hostel te Melody, het Joe vir my gesê dat dit blykbaar 'n toevallige byeenkoms was en enigeen kon luister sonder om deel te neem. As ek kom by beskuldigde nr. 3 homself as 'n getuie - al kritiek wat ek kan lewer is dat hy op 'n sekere tydstip in sy kruisverhoor ontwykend voorgekom het. Ek is nie in 'n posisie wat sy getuienis betref om te sê dat hy valse getuienis gelewer het nie. Ek vind hom derhalwe onskuldig en ontslaan hom.

Wat beskuldigde nr. 4 betref is daar die getuienis van Joe Maruma van die byeenkoms by beskuldigde nr. 4 se woning te Skoonplaas. Beskuldigde nr. 4 ontken daardie geleentheid. Sy getuienis aangaande wie daar teenwoordig was stem ooreen met die getuienis van die Staatsgetuies. Al wat hy ontken is dat daar gepraat is oor die P.A.C., maar in dié verband staaf Cooper, Maruma se getuienis, en van beskuldigde se kant is daar net 'n blote ontkenning dat daar ooit soiets was. Onder

kruisverhoor erken hy ook dat daar geen moeilikheid tussen hom en Cooper is nie. Hy sê hy het geweet dat Cooper 'n lid van die P.A.C. was. Hy sê hy het nie teen Cooper getuig ten tye van Cooper se verhoor nie. Hy weet wel dat Cooper 'n lid van die P.A.C. was. Uit die Staatsgetuienis is daar niks om aan te dui dat hy aktief opgetree het in enige opsig nie, behalwe dat hy lid was en daar was 'n vergadering gehou by sy huis. Ek vind hom skuldig slegs op aanklag 1. Wat beskuldigde nrs. 5 en 6 betref is hulle in dieselfde posisie as beskuldigde 3. Daar is die geleentheid waarvan Joe Maruma getuig het - die derde byeenkoms by Melody Hostel, waaroor ek reeds my mening gelug het. Hulle getuienis is van so 'n geaardheid dat ek dit nie kan verwerp as vals nie. Inteendeel is daar gedeeltes van hulle getuienis wat so spontaan afgelê is, dat ek dit aanvaar as die waarheid.

Wat betref beskuldigde nrs. 5 en 6 het die Staat nie sy saak bewys nie en word hulle onskuldig bevind en ontslaan.

Wat betref beskuldigde nr. 7 is daar die getuienis ook van Joe Maruma wat hom verbind. By die tweede geleentheid te Skoonplaas sê Cooper het hy beskuldigde nr. 7 gewerf as 'n lid. Die beskuldigde 7 het alles ontken. Benewens die getuienis is daar die getuienis van beskuldigde nr. 1 waar hy sê dat nr. 7 hom gesê het dat hy saam met Cooper na Basoetoeland gegaan het in verband met P.A.C.-aaangeleenthede maar het op die vergadering geslaap, sien ek nie waarom nr. 1 daardie getuienis sou gegee het as dit nie so was nie. Beskuldigde 7 se ontkenning moet verwerp word as vals en hy word skuldig bevind op albei klagte.

-----------

BESKULDIGDES SE VORIGE VEROORDELINGS WORD GESTEL DEUR DIE AANKLAER.

BESKULDIGDE NR. 1 GEEN VORIGE VEROORDELINGS.

BESKULDIGDE NR. 2 ERKEN SY VORIGE VEROORDELINGS.

BESKULDIGDE NR. 4 GEEN VORIGE VEROORDELINGS.

BESKULDIGDE NR. 7 GEEN VORIGE VEROORDELINGS.

BESKULDIGDES SPREEK HOF TOE TER VERSAGTING VAN VONNIS.

## V O N N I S

Ek het baie goed geluister na wat julle my gevra het in verband met die vonnis. Almal vra vir 'n opgeskorte vonnis. Almal sê hulle sal die Wet eerbiedig. Wat die getuienis betref het julle julle bemoei met baie gevaarlike dinge. Daar is al vreeslike dinge wat gebeur het in ons land, soos onder in die Paarl en verskeie ander plekke en ek kan nie anders as om te dink dit is dinge wat julle goed geag het en julle goedkeuring weggedra het. Ek het goed nagedink en ek gaan julle nie almal dieselfde vonnis oplê nie - ek glo nie dat julle almal dieselfde straf verdien nie. Daar is van julle wat ek swaarder moet straf as ander. Ek dink byvoorbeeld aan beskuldigde nr. 2 en sy bedrywighede soos dit uitgekom het hier in die getuienis. Hy was orals saam met hierdie man Cooper. Cooper is klaarblyklik 'n man wat hom baie ver beywer het vir hierdie organisasie en net so openbaar die getuienis ook dat nr. 2 net gedoen het wat hy kon in die omstandighede. Waar hulle gekom het, het hulle mense genader om lede te word volgens die getuienis. So beskuldigde nr. 2 moet ek swaarder straf op die aanklag. Die vonnis wat ek hom gaan oplê is 3 JAAR GEVANGENISSTRAF OP ELK VAN DIE AANKLAGTE.

Wat beskuldigde nr. 1 betref, het hy ook klaarblyklik die bewegings gesteun maar openbaar die getuienis nie dat hy so aktief was as byvoorbeeld beskuldigde nr. 2 nie, en derhalwe gaan ek hom ligter straf as nr. 2. Wat beskuldigde nr. 1 betref, word hy gevonnis tot 2 JAAR GEVANGENISSTRAF OP ELK VAN DIE AANKLAGTE, dit is vier jaar in sy geval.

Wat beskuldigde nr. 4 betref, was hy slegs lid gewees volgens die getuienis voor my en is daar geen getuienis dat hy aktief was nie en die straf wat hy opgelê word is 'n VONNIS VAN 1 JAAR GEVANGENISSTRAF.

Wat beskuldigde nr. 7 betref, moet ek hom dieselfde kans gee as wat ek beskuldigde nr. 1 gegee het. Hy was lid gewees en het aktief deelgeneem, alhoewel sy skuld minder is as beskuldigde nr. 2 en min of meer op dieselfde basis as beskuldigde nr. 1. Die straf wat ek hom oplê is ook 2 JAAR GEVANGENISSTRAF OP ELKE AANKLAG. Dit is vier jaar in sy geval.

- - - - - - - - - - - -

S E R T I F I K A A T:

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat voorafgaande 'n korrekte weergawe is.

LUBBE OPNAMES (EDMS.) BEPERK

- - - - - - - - - -

**Collection Number: AD1901**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court Records 1958-1978**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.